# 2013-10-06_am_johan-geyser_missionele-meditasies_andering

**Sprekersleutel**

OV Onbekende Vroulike Spreker
JG Johan Geyser

OV On one occasion an expert in the law stood up to test Jesus. Teacher, he asked, what must I do to inherit eternal life? What is written in the law, Jesus replied. How do you read it? He answered, love the Lord your God will all your heart, with all your soul, with all your strength and with all your mind, and love your neighbour as yourself. You have answered correctly, Jesus replied. Do this and you will live.

But he wanted to justify, so he asked Jesus, and who is my neighbour. In reply Jesus said, a man was going down from Jerusalem to Jericho when he fell into the hands of robbers. They stripped him of his clothes, beat him, and went away leaving him half dead. A priest happened to be going down the same road, and when he saw the man he passed by on the other side, so too a Levite, when he came to the place and he saw him, passed by on the other side.

But a Samaritan, as he travelled, came where the man was, and when he saw him he took pity on him. He went to him and bandaged his wounds, pouring on oil and wine. Then he put the man on his own donkey, took him to an inn and took care of him. The next day he took out two silver coins and gave them to the innkeeper. Look after him, he said, and when I return I will reimburse you for any extra expense you may have. Which of these three do you think was a neighbour to the man who fell into the hands of robbers? The expert in the law replied, the one who had mercy on him. Jesus told him, go, and do likewise.

JG In die tyd van Jesus was daar nie 'n goeie verhouding tussen die Samaritane en die Jode nie. Ons kan selfs sê daar was 'n vyandigheid tussen hierdie twee volkere. Die Samaritane was eintlik Lode gewees wat agtergebly het in die gebiede van Samaria met ballingskap en nie teruggekeer het Jerusalem toe nie. Hulle het getrou met die volke wat in Samaria gebly het en hulle het later begin bekendstaan as die Samaritane.

Hulle was heelwat anders as die Jode. Dit was 'n ander volk. Hulle het 'n ander dialek gepraat. Hulle het 'n ander godsdiens gehad. Hulle het hulle eie tempel gebou. Hulle Bybel was nie presies dieselfde as die Jode s'n gewees nie. Hulle het 'n heel ander sosio-ekonomiese gemeenskap gevorm, en daar was 'n groot verwydering. Vir die Jode was dit iemand wat heeltemal anderster is as wat ek is. Dit was 'n vreemdeling gewees vir my.

Maar dit was ook so gewees dat hulle nie kontak gehad het met mekaar nie. Daar was heen en weer oor die grens geplunder, jy weet. As jy die Bybel lees, Johannes 4, kom ‘n vrou van Samaria af en sy is baie verbaas dat Jesus met haar praat. Jesus gaan steek twee grense oor. Hy praat met ‘n vrou, wat vreemd is, behalwe as jy dit wil doen met bybedoelings, en dan is sy 'n Samaritaan. En Hy vra vir haar... sy vra vir hom, ek is ‘n Samaritaan, ek is 'n vrou, hoekom praat jy met my?

En sy vra Hom dadelik ook, sê vir my, wat is die regte godsdiens? Waar moet ‘n mens aanbid? Sê Jy jy nou vir my wat is reg. Want daar was... daar is hierdie groot spanning. Daar is hierdie groot geskil tussen hierdie twee volke. As jy iemand nou regtig wou slegsê dan het jy vir hom gesê, jou Samaritaan. En dis wat hulle gedoen het met Jesus. In Johannes 8 sê hulle vir Hom, jou Samaritaan, Jy het ‘n demoon, bedoelende dat daar is nou regtig niks laer is waaaraan ek kan dink om jou toe te skryf as dat jy 'n Samaritaan is nie.

En die Mishnah, wat so 'n kommentaar is oor die wet en die eerste vyf boeke van die Bybel, word daar geskryf dat as jy saam met ‘n Samaritaan brood eet is dit so goed jy eet vark. Bly weg daarvandaan af. Dis nie vir jou beskore nie. Nou, dis in hierdie agtergrond wat ‘n wetgeleerde, iemand wat nou regtig die eerste vyf boeke van die Bybel baie goed ken, na Jesus toe kom en vir Hom vra, wat moet ‘n mens doen om die ewige lewe te beërwe. En Jesus sê vir hom, hoe lees jy? Die skrifte sal jou ‘n aanduiding gee. Dit is waar ons die kennis ontvang en die inligting ontvang wat nodig is vir die lewe wat tot in ewigheid toe aanhou.

Hy antwoord Hom met ‘n opsomming. Ek meen, Hy kon tyd gevat het en deur al 600 wette gegaan het wat uitgebou is na 2,000 toe, maar hy gee ‘n opsommimg, wat ‘n baie populêre, ‘n teologiese konsensus was van die tyd, dat die Bybel word opgesom in hierdie woorde: dat jy die Here jou God moet liefhê met jou hart, met jou siel, met jou verstand, en met al jou krag. Maar dan moet jy ook jou naaste liefhê soos wat jy jouself liefhet. En Jesus sê vir hom, jy het reg geantwoord. Gaan en doen dit, en jy sal lewe.

Maar hy wil homself regverdig. Hy wil ‘n strik stel vir Jesus, en hy wil eintlik aantoon en aandui dat Jesus nie ‘n gesaghebbende leeraar is nie, en dat mense nie na Hom moet luister nie, want miskien is daar bietjie ego in. Ek wil julle sê, ek ken die Bybel. Hierdie ou ken nie eintlik die Bybel nie. En dan wil hy Hom vasvra en hy sê vir Hom, ja, maar dis nie so eenvoudig nie. Wie is jou naaste?

Nou, daar was ‘n groot geskil in daardie tyd wie jou naaste nou eintlik is. Die Bybel sê jy moet jou naaste liefhê. Wie is jou naaste? Die Farriseers, skrifgeleerdes, het gesê, die Farriseers en die skrifgeleerdes is jou naaste. ‘n Jood is nie jou naaste nie, maar jy moet hom verdra, want hy kan jou naaste word. Maar ander volke kan jy verag, want hulle is vyande van God en hulle is teen God, en hulle is teen die geloof. Moenie saam met hulle eet nie. Moet niks met hulle te doen hê nie. Dis nie jou naaste nie. En dis heel moontlik van hierdie opinie wat hierdie man was.

Nou vra hy vir Jesus, wie is jou naaste? Nou vertel Jesus vir hom 'n storie, ‘n gelykenis. Hy sê vir hom, nee, Ek wil jou vra wie is jou naaste. Kom, daar was ‘n man gewees. Hy was ‘n Jood. Hy gaan van Jerusalem Jerigo toe, en rowers oorval

hom. Mense kom en hulle vat by hom, hulle ontneem hom, en hulle los hom, tenagekom en seergekry, langs die pad. Daar kom ‘n priester, daar kom ‘n Leviet verby. Net vir interessantheidshalwe, dis die ouens wat die insameling vir die armes doen en die distribusie aan die armes uitgee. Hulle kom verby en hulle sien hierdie ou lê.

Hulle doen nie iets verkeerd aan hom nie. Hulle steel nie by hom nie. Hulle kom hom nie te na nie. Maar hulle doen niks goeds vir hom nie. Hulle gee niks vir hom nie. Dis Jode. Maar hulle loop verby hom, heel moontlik van die opinie, dis nie my naaste nie. Ek verdra hierdie. Ek het toleransie teenoor hierdie goed. Hulle loop verby hom. Nou kom daar ‘n Samaritaan verby. Maar ons mis dit. Jy weet, die Samaritaan is nou, soos die Boer, Skot en Engelsman grappies, soos die Van der Merwe grappies, nou kom die Samaritaan in. Jy weet, almal...

Ek kan net sien hoe staan almal nou vorentoe en hulle kry sulke... ag, hier kom die Samaritaan. Hy sal seker nou... ry per ongeluk oor hom, jy weet, Samaritane is mos nou nie lekker nie. Ons ken mos nou die Samaritane. En nou kom Jesus en Hy sê, die Samaritaan het barmhartigheid en hy help hom. Ek kan net die antiklimaks voel, en jy sien dit, want toe draai Jesus na hierdie man toe en Hy sê vir hom, nou, sê jy nou vir my, wie is hierdie ou wat seergekry het en op die pad lê, hierdie Jood, wie is sy naaste?

Jong, dis ‘n vreeslike twist in hierdie storie wat Jesus bring. Dis nie ‘n Jood wat ‘n Jood kom help nie. Dis nou ‘n Samaritaan, wat nie kan hemel toe gaan nie, wat ‘n verkeerde geloof het, wat ‘n ander volk is, wat nie verstaan nie, wat sleg is. Hy het barmhartigheid. Hy help hom. Jesus vra met ander woorde nie wie is jou naaste nie, Jesus sê, wie se naaste is jy? Hy draai die ding om, en nou is dit die Samaritaan. Hierdie ou kan nie die woord Samaritaan uitspreek nie. Hy sê, die ou wat barmhartigheid bewys het. Hy kan dit nie eers sê nie. Jesus sê vir hom, jy het reg geantwoord. Doen jy dit lewe jy.

Nou, hierdie gelykenis is seker een van die gelykenisse wat die mees bekendste gelykenisse van Jesus is, wat so ryk is in betekenis. Daar is soveel dimensies en fasette tot hierdie gelykenis. Vanmôre wil ek u aandag vestig net op een aspek van hierdie gelykenis. Jesus nooi hierdie wetgeleerde uit. Hierdie godsdienstige, geestelike man nooi Hy uit, wat die regte teologie het, wat die Bybel verstaan. Jy het reg geantwoord. Jy lees reg. Jy verstaan reg. En Hy sê vir hom, gaan jy nou oor jou grense van kondisionering, van jou grootword, wat jou ouers, die grappies wat hulle vertel het van die Samaritaan, alles waarmee jy gekondisioneer is, van die heersende gevoel van jou volk, van jou nasie.

Ek nooi jou nou uit om verby al daardie goed te beweeg en oop te maak teenoor iemand wat jy verag. Sien hierdie Samaritaan raak. Ek sê nie vir jou word ‘n Samaritaan nie. Ek sê nie vir jou word sy geloof... en sê nie vir jou gaan bid nou waar die Samaritaan... ek sê vir jou, kyk en ontvang iets wat hierdie Samaritaan vir jou te bied het. Hê ‘n openheid teenoor dit. Sien dit, ontvang dit, word verander, aanvaar. Kan jy leer hier is ‘n ander manier van lewe? Hier is ‘n ander manier van kyk na die lewe toe wat jou so goed sal doen. As jy dit doen sal jy lewe. Jy sal lewe, sê Jesus. Jesus nooi hom uit om te ander, om te andering.

Ek wil ‘n werkwoord maak van die woord ander. En ek hoop nie hier is ‘n blokkasie vanmôre nie, want toe ek hierdie preek getoets het, ek gaan nie haar naam noem nie, ek toets partykeer my preke, toe sê sy vir my, dit maak nie sin nie, toe is die blaadjie klaar gedruk. Toe sê ek vir haar, maar ek dink dis dalk ‘n IK ding. Die gehoor in intelligent. Hulle sal dit dadelik snap. Dis nie so oorspronklik nie. Spurgeon het gepraat van neighbouring. Hy sê saam met die message, saam met die woorde wat ons bring moet daar neighbouring plaasvind. Dis andering.

Ander woorde hiervoor is om lief te hê. Dis 'n dimensie van liefde, want Jesus vertel aan ons hierdie gelykenis, wie is ons naaste, en Hy vertel vir ons hoe om lief te hê. Dis om te aanvaar. Dit is om oop te maak vir iemand anders. Dis om nie geslote, begrensd, na iemand toe te gaan nie. Dis om oop te maak vir iemand. Dis om kwesbaar te maak. Dis om respek te hê. Dit is die woord wat die Bybel gebruik, gasvryheid te toon.

Jy weet, ons koppel gasvryheid, die hele industrie, aan vermaak en ‘n partytjie hou. En eintlik is dit ‘n woord wat diep wortels in sy ontstaan het in die Bybel, wat ‘n groot woord is in die Ou Testament, in al die monoteïstiese godsdienste. Onder die Moslems, onder die Jode, en onder Christene. In die Nuwe Testament, groot ding, hierdie hele ding van gasvryheid.

Dit is om na iemand anderster te gaan, ‘n ander, wat anders is, wat vreemd is vir my, en oop te maak aan daardie persoon, hom te verwelkom en hom te aanvaar, om oor die brug te stap in sy wêreld in. Dis om nie kommentaar te lewer nie. Dit is nie om hom te kritiseer nie. Dis nie om hom te korrigeer en hom te verander en hom te maak soos wat ek is nie, maar dit is om sy uniekheid te kan sien, al verstaan ek dit nie, en dit te respekteer en dit te kan aanvaar. Dis andering, andering.

Nou hoe is dit in ons lewens? Hoe is andering in jou? Ek wil ‘n beginsel, en dan gaan ek die belofte en daarna die beoefening van hierdie beginsel met u deel. Hierdie beginsel, hoe is dit in jou lewe? Ek dink miskien kan ons agterkom hoe dit in ons lewens is as ons sien hoe ons reageer as ons met ander, met die vreemdeling, te doen kry. En ons is so bevoorreg in Suid-Afrika. Ons is nie soos Switserland nie. Zzz, alles dieselfde. Almal is dieselfde, almal praat dieselfde, almal lyk die...

Ons is in Suid-Afrika. Daar is ‘n variasie, groot variasie, so ons hoef nie vêr te gaan om met die ander te doen te kry nie. Ons kry natuurlik met die ander volke... en wanneer ons reis, internasionaal. Nou, gaan jy as ‘n toeris, of gaan jy as ‘n reisiger? Wat is jou ingesteldheid waarmee jy gaan? Kyk, ‘n toeris soek sy stempel in die paspoort om te wys en hy soek ‘n klomp souvenirs. Maar as hy ingaan is sy ingesteldheid hoe is dit teenoor waar ek vandaan kom, nê. Jy verlaat nie regtig jou plek nie.

Ek het al gesien as toeriste hier na ons toe kom en ons besoek, dan gaan hulle met hulle iPods in ‘n informele nedersetting in. Hoe kan jy met ‘n iPod in ‘n informele nedersetting inloop? Jy... daardie plek het ‘n geraas van sy eie, hy het geluide van sy eie. Jy ontmoet nie daardie plek nie. En dan gaan eet jy by McDonalds, wat jy by die

huis kry.  Nee, jy moet shebeen toe gaan.  Jy moet ‘n hoenderpootjie vat.  Dan is jy ‘n reisiger.  Anders is jy net ‘n toeris.  Jy verlaat nie jou plek nie.

‘n Reisiger is ‘n ontdekker.  Hy wil verken.  Hy wil agterkom.  Hy is meer ingestel op die andersheid as wat hy ingestel is op wat dieselfde is as wat ek is, en wat is reg en wat is verkeerd en...  hy is nie in dit nie.  Dis ‘n totale ander ingesteldheid waarmee jy gaan.  Kyk, party van ons het hierdie twee ratte waairn ons funksioneer.  By die huis is dit toeris.  Ag nee, ek weet hoe is hulle.  Ek weet.  My...  o, my goed is wonderlik.  Wat ek het, my manier van kyk, van...  alles is reg, nê.

Maar sodra jy oorsee gaan dan kry jy hierdie nuwe openheid, dan raak jy ‘n reisiger.  Dis die ouens wat terugkom en sê, was jy al in Taiwan?  Dis die wonderlikste mense wat jy in jou lewe gekry het.  Weet jy hoe toegewyd is...?  Dan het jy...   jy is verbysterd deur die andersheid.  Jy het oopgemaak.  Hier kom jy, nee, jy hier ken alles.  Ek ken, ek weet hoe is alles, en almal, terug in jou ou mode in.  Hier is glad nie verrassing nie.  Jy lewe met die bekende, nie ‘n openheid vir die andersheid nie.

Jy weet, ek ry fiets saam met ‘n vriend.  Sy seun het nou op die kibboets gaan werk.  Nou, ekskuus, as jy nou daarvan hou en jy is ook gefassineer en romantiseer oor die kibboets, nou ek het jare terug Bybelse argeologie gestudeer en ek was ook op die kibboets.  Dis ‘n fancy naam vir ‘n plaas.  Weet jy wat is die snaakse ding?  Jis, die Jode is goed, hoor.  Dis die enigste ouens wat ek van weet waar jy moet kom betaal om op die plaas te kom werk.

Ek sê vir hom, maar hoor hier, hoekom...  hier is...  in Suid-Afrika is hier ongelooflike geleenthede op die kibboetse.  Jy kan gaan.  Die ou sê...  Ek weet nie van ‘n boer wat nie ‘n ou sal vat wat verniet wil kom werk vir hom nie, hoor.  Ek ken nie so ‘n boer nie.  Maar dit is hierdie...  en dit is...  ek maak varkhokke skoon en ek ry mis weg en ek...  maar dis ‘n kibboets.  Ek het hierdie nuwe openheid.  Ek kyk totaal anders na alles wat om my gebeur, want ek is besig om te andering.  Maar ek kan dit nie doen hier wat ek hier is nie.

Kyk, hier is die innerlike dinamika, en ek is gefassineer met dit.  Die goed wat Jesus vir ons sê, wat is die innerlike betekenis van dit wat Jesus vir ons sê?  Wat gaan dit in ons lewens teweegbring?  Wat vra dit van ons om te oorkom in ons, om te kan doen wat Jesus vir ons sê om te doen?  As ons met die ander te doen kry is daar gewoonlik een van twee goed wat ons doen.  Ons kan na die anders...  wanneer ons gekonfronteer word met die...  ek kan dit minimaliseer, of ek kan die verskil maksimaliseer.  Ek kan dit vergroot.

As ek dit klein maak, ek maak dit niks, dan sê ek vir jou, ag, dis net eintlik ‘n ekstensie van iets wat ek ken.  Dis nie...  ag, dit net soos wat ek is.  Dis dieselfde.  Of ek gee hom ‘n label.  Ag nee, ek ken daardie mense, man.  Ek ken die Samaritane.  Ek ken die Jode.  Wat is jou van?  Van der Merwe?  Ag, ek ken die Van der Merwes, man, ek weet hoe is hulle, huh.  Ek minimaliseer absoluut.  Dis ‘n...  so dis dieselfde.  Dit word vir my die bekende.  Ek het...

Of ek kan dit vergroot.  Nou, as ek dit vergroot dan is dit vir my totaal vreemd, dan sê ek, dis...  hierdie...  en dan kan dit my bangmaak.  Dan kan ek sê, joe, dis gevaarlik.

Hierdie goed is gevaarlik, nê. Nou is dit ons en nou is dit hulle, nê. Hulle is nou heeltemal anderster. Dit kan... nou is dit ‘n bedreiging vir my. Nou, die een is goed; die ander een is sleg. Jy weet, dis hierdie innerlike dinamika wat in onsself afspeel. En nou word Jesus... en nou nooi Jesus ons uit en Hy sê, moenie soontoe gaan nie. As jy My dissipel wil wees, as jy agter My wil aankom, dan wil Ek nou vir jou sê, kyk, andering.

Dis nie ‘n klein sakie nie, hoor. Kyk, vir ons kan dit dit wees, ag, maar dis mos nou net verhoudings. Maar jy sien, en ons diep geloof in Mosaïek is dat ons God vind in die bewegings in ons binneste, in ons hart. Ons vind God in ons verhoudings, in ons omgang met ander mense, en ons vind God in die wêreld en in die aksie in die Koninkryk wat kom na hierdie wêreld toe in die aarde. En jy vind Hom in hierdie bewegings en in hierdie dinamika aan die verhoudings.

Dis een van die groot maniere waarop God na jou toe wil kom en Hy jou wil transformeer en Hy jou wil verander, deur andering. Deur andering, en dis die belofte, dat jy diep geraak sal word wanneer jy daardie... wanneer jy nie net goed of sleg sien nie, wanneer jy nie net een of die ander kant toe kan gaan nie, wanneer jy nie net sê, wel, ek is nou maar... jy weet, ons is nou maar so. Dis reg of dis verkeerd in my lewe.

Nee, nee, nee, nee, daar is iets anderster ook. Suspend your judgement. Stel dit op... sit dit op die ys en gaan oor en maak oop vir ‘n ander wat anders is as jy. Sien sy andersheid, respekteer sy andersheid, aanvaar sy andersheid, ondersteun die andersheid in daardie persoon se lewe. Jy kan deur dit verander. Dit kan die horisonne in jou lewe skuif.

Een van die groot goed, as ek nou kan... jou ego word gedesentraliseer. Jy word uit jou selfabsorbsie uitgeruk en jy sien en ontdek ander moontlikhede van kyk. Jy ontdek ander moontlikhede van wees, en dit verruim jou. Deur die storie te ontdek van ‘n ander persoon word jy geskuif, word jou imagination, jou verbeelding aangegryp sodat jy iets nuuts kan skep en iets anderster kan wees en iets anderster kan word.

Jy weet, as ek terugdink aan my lewe dan dink ek aan twee persone wat ek al baie gedink het daardie persone het dalk die grootste invloed in die vorming, in my geestelike formasie gespeel as ‘n jong Christen, en dit was twee tannies, tannie Pottie en tannie Koekoes. Ons het haar tannie Koekoes genoem omdat sy so bietjie koekoes was. Ons almal het haar tannie Koekoes genoem en sy was okay daarmee. En weet jy wat daardie twee tannies gedoen het met my?

Toe ek as ‘n vreemdeling instap in die gemeente in, en ons is ‘n klein groepie mense, het hulle dadelik na die tyd na my toe gekom en gesê, kom bietjie hierso. Waar kom jy vandaan, boetie? En ek het gewonder, wat is hierdie belangstelling van hierdie ou tannie nou hierso in my. En sy het vir my gesê, jy moet bietjie vir my kom kuier. Waar bly jy? Hoe kom jy by die huis? Waar is jou pa en jou ma? En ek was alleen daar. En hulle het my genooi.

En nou onthou ek toe tannie Pottie, die eerste keer wat ons gesels, sy luister na my storie en sy is gefassineerd deur my storie. O, jy hou van rugby, en jy speel rugby, en wat doen jy daar, en wat is jou pa en jou ma, en sy is so... en waarvan hou jy? Nog nooit het iemand so in my belanggestel nie. En sy haal haar Bybel uit. En ek onthou ek is so half geskok, jy weet. Ek het grootgeword daar mag nie 'n boek op die Bybel gesit word nie. Jy mag nie in 'n Bybel skryf nie. Dis 'n heilige boek.

Haar Bybel is so gekrap, hy is so vet, hy is so groot, die papiere is so gerimpel. Sy ken hom. Sy blaai so deur hom, en dan lees sy vir my skrifte en sy sê, vanmôre toe bid ek vir jou. En toe ek vir jou bid toe kom hierdie skrif by my op, en ek wil dit vir jou lees, en ek wonder of dit nie iets is wat die Here vir jou wil sê nie. Ek kan dit nie glo nie. Sy is besig... daar is... sy maak 'n honger in my los. Iets wat in haar was kom in my in en kom begin in my hart te lewe.

En ek besef dit nie, maar sy is besig om my te dissipel, sy is besig om my te vorm deur haar gasvryheid, deur die oopmaak van haar huis. Weet jy, en daar het ek gemeenskap vir die eerste keer ervaar. Sy het nie net vir my genooi nie. Ons was vyf, ses, sewe, agt, en daar het wonderlike goed daar gebeur. Ek en Wilma het baiekeer daar gekuier, en daar het baie ander goed gebeur daar.

Ek onthou, een aand kom ons daar, en ons is die eerste by die huis, en die sleutel is altyd onder die mat. Ons haal die mat.... ons sluit oop, ons gaan yskas toe, ons haal die melktert uit en ons eet, en toe ons so teen die einde kom toe sê ons, maar waar is tannie Pottie vanaand? Sy is nie hier nie. Toe is sy weg vir die naweek. Ons het nie agtergekom sy is nie hier nie. Maar sy het daardie gawe van gasvryheid.

Nou, as jy weet of iemand gasvry is, is dis 'n ou na wie toe jy kan gaan waar jy voel, maar ek kan sy yskas maar oopmaak. Ek kan maar kyk. Ek kan maar eet. Ek kan iets uithaal uit die yskas uit. Jy weet, jy kry hierdie ander ouens. As jy by sy huis kom dan sê hy vir jou, ekskuus man, ons het nou net skoon... dis nou nie so skoon nie, en dan ruik jy die spring cleaning en jy weet nie waar om te trap hoe netjies dit daar is nie, jy weet, dan maak hy verskoning. Hy het nie gasvryheid nie.

Maar die een wat jy so lekker net... jy kan sit. Jy voel, ek is tuis. Dit maak... wat doen dit nie? Hier is die ding: jy verander. Jy verander wanneer jy so ontvang word. Maar jy ontmoet God op 'n manier. Ons het Matteus 25, in die begin. Jesus sê Ek gaan die skape en die bokke skei van mekaar eendag. Sjoe, dis groot woorde. Party... ek gaan vir die skape sê, kom in my Koninkryk. Ek gaan vir die bokke sê, gaan weg. Hoe gaan... hoe gaan... wat is die kriterium? Hoe gaan hulle geskei word?

Hy sê, dis hoe hulle geskei gaan word. As... die wat toe Ek honger was vir my iets gegee het om te eet, toe ek dors was iets gegee het om te drink, toe ek 'n vreemdeling was het hulle gasvryheid betoon. Hulle het uitgereik na my toe. As... ek gaan vir hulle.... dis my skape. Dis my skape. Nou, luister, die Bybel sê nie hierdeur word ons gered nie, maar dis die vrug van iemand wat by God was en God ken.

Jy weet, soos 'n boom se vrugte, as 'n boom vrugte het dan is dit 'n teken dat hy gesond is. Dis die vrugte wat jy sal hê. Vrugte maak jou nie 'n boom nie en dit maak jou nie gesond nie. So hoe meer jy dade te doen... jy kry nie jou redding daardeur

nie, maar dis die teken, sê Hy, dis die teken dat jy hierdie vermoë het, dat jy hierdie goed laat gaan, dat jy oor hierdie innerlike dinamika en funksionering gaan om dit te kan doen.

Ek wil afsluit, net ‘n paar dinge. Hoe kan ons dit doen? Wel, vier goed. Begin met jouself. Begin met jouself. Jy weet, ons is so dieselfde. Ons is almal mense. Ons het almal basiese behoeftes. Ons wil almal leef. Ons wil almal liefhê. Ons het almal verhoudings nodig. Daar is baie ander goed wat ons nodig het. Ons het... ons is baie dieselfde. Maar ons moet ons nie laat mislei nie. Omdat ons dalk in dieselfde tribe is, dieselfde volk, selfde ras, ons het dieselfde geloof, ons het baie... dit maak ons nie dieselfde nie.

Daar is nie een van ons wat die lewe op dieselfde manier beleef as die ander een nie. Nie een nie. Wanneer dit kom by ons persoonlikheid, wanneer dit kom by ons gawes, wanneer dit kom by ons passies, is daar ‘n groot verskil tussen ons. En om dit eerstens in jouself te kan ontdek ontdek jy iets van wat God in jou gedoen het en God in jou gegee het. Aanvaar dit. Aanvaar jou andersheid. Op hierdie manier is jy lief vir jouself. As jy dit nie doen teenoor jouself nie gaan jy dit nie kan doen en gee vir iemand anderster nie,want jy gaan ander net kan liefhê soos wat jy jouself liefhet.

Baie van ons is onder druk. Baie van ons is afgesny van onsself af, en dit is hoekom dit vir ons so belangrik is om in stilte te gaan want dit is daar waar jy... waar baie van ons vir die eerste keer onsself ontdek en onsself in die gesig begin staar om agter te kom, maar dit is die realiteit van my lewe, en dit is wie ek is, en dit is wat in my aan die gang is. Aanvaar dit, en hou wat jy ontdek, want jy gaan in jou ontdek nie net goeie goed nie, maar ook slegte goed.

En, jy weet, en ‘n groot opvoedkundige sielkundige van ons tyd sê dat ons deur verskillende fases gaan in ons ontwikkeling. In ‘n baie primitiewe plek van ontwikkeling kan ons nie die goeie en die slegte tegelyk vashou in onsself nie. Dit dra daartoe by dat ons... of ons projekteer of ons ontken. Ek sien mense net as ‘n ekstensie van myself en ander. Of ek projekteer dit wat ek afsny uit myself, wat ek nie aanvaar in myself nie, op ander.

Dit is hoekom, as Jesus sê jy moet jou vyande liefhê is dit eintlik wat ons in psigiese terme shadow work noem, dat jy moet dit wat binne in jou is, die goed en die sleg, en dit is al die gelykenisse van Jesus, oor die koring en die kaf waarmee ons leef op die land en nie afgesny kan word van mekaar af nie, dat ek met dit... want wanneer ek dit doen met myself dan kan ek dit doen met ander. En dan kan ons begin by die mense wat die naaste aan onsself is, die naaste. Dit is in ons intieme verhoudings waar andering die belangrikste is en die sterkste moet funksioneer. Dan kan ons dit ook vat na ander toe.

Jy weet, hulle sê love is blind. Jy is blind vir die verskille van iemand anders. Ons dink aan die begin van ‘n... sê of dit ook so is met u. Ek hoop so, anderster het ook ‘n freak verhouding gehad. In die begin, ons verstaan. Sy... ek ken haar beter as wat sy haarself ken. Dit het ek ‘n paar keer vir haar gesê. En natuurlik, is... ek weet nie of dit jou goed laat voel nie as iemand vir jou sê, ag nee, ek ken jou man. Ek weet

presies... wat is jy... watse toets? Is jy 'n ekstrovert, taak georïenteerd? Ek weet presies hoe is julle. Laat dit hou baie gevalideerd voel, geeërd voel?

Of laat die jou eerder iets voel en belangrik voel as iemand na jou toe kom en sê, weet jy, ek het 'n paar goed van jou agtergekom deur jou gedrag, maar ek... jy is 'n misterie. Ek wil graag baie meer van jou leer en van jou ken. Kan jy my meer van jouself vertel? Kan ek dit wat ek agterkom spieël? Kan ek dit vir jou sê? Is dit hoe dit is? Is dit hoe dit vir jou is? Dit valideer. Dit is andering. Anders is jy net 'n ekstensie, so.

En ons probeer mekaar verander. Ons probeer mekaar na ons beeld en na ons gelykenis te vorm. Daar is geen andering wat plaasvind nie. Dis nie 'n goeie plek om te wees nie. Nou, ongelukkig kan 'n mens die veranderning... die andersheid nie altyd onderdruk of wegsteek nie, totdat dit blatant in jou oë is. So hier is die vraag, of jy in jou verhouding, intieme verhouding, 'n veilige spasie kan skep waar die ander persoon homself kan wees? Kan jy die drome, kan jy die passie, kan jy die belewenis van die wêreld erken wat totaal anders is as joune?

Kan jy dit respekteer? Kan jy dit aanmoedig en kan jy aanhelp dat daardie persoon daardie persoon self moet word, en nie soos jy is, die lewe kyk deur jou brille, deur jou oë, en soos jy moet wees nie? Dis 'n krag. Dis liefde, want die liefde aanvaar. Die liefde verdra. Dis moeilik, maar dit bring lewe. Dit bring lewe. Dit verander jou. Ek dink dis hoekom die Katolieke dink dat die huwelik 'n sakrament is. Jy verander deur deel te neem aan hierdie manier van lewe.

En dan is daar mense in jou lewe, jou vennote. Die mense met wie jy werk, die mense wat in jou huis is. Weet jy, jare terug, toe ontdek ek dat daar iemand is met wie ek elke dag te doen het, elke dag hallo sê, en ek weet niks van haar af nie. Ek weet nie of sy kinders het nie. Ek weet nie hoe gaan dit met haar nie. Ek weet nie wat haar vrese is nie. Ek weet nie hoe haar lewe is nie. Dit was vir my 'n skok toe ek besef hoe blind ek kan omgaan met mense wat in my lewe is. Daar is geen andering wat plaasvind nie.

Dink net wat 'n plek kan Mosaïek wees, en ek wil afsluit hiermee, as ons elke Sondag wat jy hier kom andering beoefen, huh, net 'n bietjie andering, net iemand wat jy nie ken nie, wat vreemd is... Jy kan sê, maar ek is vreemd. Ja, almal is vreemd. In so 'n groot groep voel ons almal, nee, ons ken... jy kan maksimum 100 ouens seker hierso ken, so hier is soveel vreemdes. Ons is hier in die plek van vreemdes, om te sê, maar ek reik uit na jou. Ek raak kwesbaar. Ek maak oop.

Weet jy, ek was so diep geraak deur iemand se storie wat vir my sê hy kom hier by die kerk alleen. Hy is op 'n slegte plek in sy lewe. Hy ry hier verby. Hy hoor van die plek. Hy het al gehoor van Mosaïek. Hy kom hiernatoe. Toe hy instap toe sê hy, o, al hierdie mense. Dis so groot en dis so onpersoonliik en dit is so... en iemand kom na die diens na hom toe en hulle sê, ek sien jy sukkel. Is daar iets waarmee ek jou kan help? Hy sê hy kon dit nie glo nie. Iemand reik uit na hom toe. Iemand raak hom op 'n plek waar hy moeilik... hy is die ou wat op die grond lê.

Hier is iemand wat baie naby aan jou sit wat vanmôre die Jood is wat op die grond lê. Kan ons ‘n plek word van gasvryheid? Kan ons ‘n plek word wat buzz van liefde, wat oop is vir mekaar, wat na mekaar se stories luister en wat in mekaar se wêreld ingaan? Kan ek julle uitdaag vanmôre dat jy nie sal kerk toe kom sonder om te andering nie, ten minste net een persoon wat jy nie ken nie, wat jy nie van weet nie, groet, praat? Sê ek het jou nou al twee keer gesien hier, ‘n paar keer gesien. Ek is so en so, waar kom jy... net te connect, oop te maak. Wat kan gebeur op ‘n plek? Jesus sê dis hoe hulle sal weet julle is My kinders, as daar hierdie ding tussen julle is.

Kom ons bid saam. Vader, ons dank U dan ons hier kan saamwees vanmôre. Ons dank U vir U woord, vir alles wat U vir ons gee in ons lewens. Ons wil vra dat U ons sal help, Here, om diep te kan insien in U woord in, in dit wat U vir ons het, in dit waarnatoe U ons uitnooi. Help ons, Here, vergewe ons. Maar gee vir ons daardie moed, daardie durf wat nodig is om net uit hierdie mure waarin ons... hierdie klein wêreldjie wat ons vir onsself skep te kan uitbreek. Ons vra dit in Jesus se naam, amen.

Mag jy in hierdie week wat voorlê daardie wonderlike liefde, die toenadering, die belangstelling van Jesus in jou lewe beleef en ervaar, amen.